


ASD • PCS



# Reeks oor Sertifisering

## DEEL 2: WAT BEHELS LANDINSPEKSIE OP GEREGISTREERDE AARTAPPEL-MOERAANPLANTINGS?

Artikel en foto's: Frank Osler

Die registrasie van die moeraanplantings is die eerste stap van sertifisering (Reeds beskryf in die CHIPS van November/ Desember 2012) en moet suksesvol afgehandel wees voor landinspeksies kan begin. Die eenhede se aanplantingsbesonderhede is nou vasgelê op die permanente databasis van Aartappel-sertifiseringsdiens (ASD) elk met sy eie unieke registrasienommer.Die moerkwekers wat die aanplantings geregistreer het, is ook nou reeds in besit van hul registrasiesertifikate vir al die eenhede. Die sertifiseringsbeampte het kaarte van die eenhede en ook plaaskaarte om te weet waar die eenhede geleë is. Die volgende stap is om elke eenheid se twee verpligte landinspeksie volgens die vereistes van die Suid-Afrikaanse Aartappelmoer-sertifiseringskema (Skema) en die ASD-Protokol uit te voer.

Die landinspeksies word op die aktiewe groeistadium van die aartappelplante uitgevoer. 'n Landinspeksie behels dat die sertifiseringsbeampte elke eenheid wat aangeplant is, deurstap en die aartappelplante visueel inspekteer vir die voorkoms van enige siekte of afwyking wat nie eie is aan die variëteit wat



Sertifiseringsbeampte Marius Uys besig met eerste landinspeksie van 'n eenheid

aangeplant is nie. Die bevindinge van die sertifiseringsbeampte word op die "Verslag van ondersoek – Eenheid" aangeteken en die kweker of sy gevolmagtigde en die sertifiseringsbeampte



Sertifiseringsbeampte Murray Sanders besig met die tweede landinspeksie van 'n eenheid

onderteken die verslag. Die Skema vereis dat 'n minimum van twee landinspeksies op elke eenheid uitgevoer word. Die ASD-Protokol stel die sertifiseringsbeampte egter vry om soveel addisionele inspeksies as wat hy mag nodig ag te kan uitvoer. Tydens landinspeksie kan die ligging van die eenheid met behulp van 'n GPS ("Global Positioning System") bepaal word om ASD in staat te stel om die wisselbou en isolasie van die eenhede te monitor.

Landinspeksies is 'n groot uitdaging vir ASD en word gedoen deur goed opgeleide sertifiseringsbeamptes. Om te verseker dat die eerste landinspeksie op die optimum tyd uitgevoer word, word moerkwekers versoek om ASD binne 30 dae na die plante opgekom het, in kennis te stel. Indien ASD nie in kennis gestel word binne 60 dae na die plantdatum nie, word die moerkweker gekontak om te verneem wat is die status van die aanplanting en te reël dat die eerste landinspeksie uitgevoer kan word. Die stadium van die uitvoer van die tweede landinspeksie word deur die sertifiseringsbeampte self bepaal. Die bo-groei of die loof van die aartappelplante mag nie verwyder word voordat die tweede landinspeksie nie afgehandel is nie.

Die eenhede aangeplant in geakkrediteerde kweekhuise van *in vitro* plantjies, wat die kernmateriaal van die Skema is, word baie intensief geïnspekteer en ontvang ook 'n minimum van twee inspeksies. Die kweekhuis-inspeksies word so geskeduleer dat dit voor enige ander plaasbesoeke gedoen word om die risiko van meganiese siekte-oordraging te verhoed.

Tydens die landinspeksies word daar op die volgende gelet:

1. Die isolasievereistes en naamborde van die eenhede word nagegaan.
2. Die variëteitsegtheid volgens toleransie van die generasie van die eenheid.
3. Voorkoms van virus in die eenheid volgens toleransie.
4. Voorkoms van verwelkte plante word geïnspekteer en moet aan toleransie voldoen.
5. Insekbeskadiging
6. Voorkoms van onkruide
7. Enige ander waarnemings (bv. Chemiese skade)

Tydens die landinspeksie moet daar aan die vereistes van die Skema-toleransies voldoen word. Enige suiwering wat nodig mag wees, moet klaar gedoen wees voor die landinspeksie plaasvind. Die toleransies wat tydens landinspeksies gebruik word, is vervat in die Skema; naamlik die "Maksimum persentasie afwykende en patogeenbesmette plante toelaatbaar" is in Tabel 2 en die " Maksimum persentasie virusbesmette plante toelaatbaar"vir die eerste en tweede landinspeksies is in Tabel 3 vervat. Die toleransies in die twee tabelle verskil tussen generasies en die toleransies van die tweede landinspeksies is selfs strenger as dié van die eerste landinspeksie. Indien afwykings dus met die eerste landinspeksie waargeneem is, bied dit die moerkweker die geleentheid om die aanplantings goed te suiwer sodat dit aan die strenger toleransie van die tweede landinspeksie kan voldoen.

Die eenhede wat nie aan die vereistes gestel voldoen nie, word of afgradeer tot die generasie waar aan die toleransie voldoen word, of afgekeur indien dit buite die toleransie vir gesertifiseerde aartappelmoere val. Indien 'n land tydens eerste landinspeksie afgradeer is, kan dit nie met die tweede landinspeksie terug-gradeer word indien dit dan wel aan die oorspronklike generasie voldoen nie. Moerkwekers moet dus seker maak dat hulle die aanplantings reeds voor die inspeksie goed gesuiwer (gerogue) het.

Moerkwekers het betroubare spanne wat gedurig deur die eenhede stap om indien dit nodig sou wees, besmette plante te verwyder om die aanplantings suiwer te hou. Indien 'n eenheid



Aartappelplantjies reg vir inspeksie binne in 'n kweekhuis

afgradeer of afgekeur moet word, kan die sertifiseringsbeampte die simptoomuitdrukking bevestig deur die neem van 'n diagnostiese monster en dit by Plantovita, die kontrolerende laboratorium, laat toets. Die kweker moet kennis dra van enige diagnostiese monsters wat op 'n eenheid geneem is vir toetsing.

Verkieslik moet die kweker of sy gevolmagtigde die sertifiseringsbeampte vergesel tydens landinspeksies om enige waarnemings of bevindinge te kan bespreek. Die kweker moet so gou moontlik van enige afgraderings, afkeurings of regstellende aksies in kennis gestel word as niemand die beampte vergesel het tydens die inspeksies nie. Inspeksieverslae moet na die afloop van die inspeksies voltooi en deur die kweker of sy gevolmagtigde geteken word.

Wanneer Kromnekvirussimptome tydens landinspeksie op die plante waargeneem word, word daar vereis dat die landmonster ook vir die teenwoordigheid van Kromnekvirus getoets word. Indien Bakteriese verwelksiekte, waarvoor 'n nul toleransie geld, tydens landinspeksie waargeneem en bevestig is deur 'n diagnostiese monster, word die hele bewerkingseenheid, alle eenhede aangrensend of nader as 50 meter aan die eenheid, afgekeur.

Die sertifiseringsbeampte bepaal die persentasie siektevoorkoms of afwykings deur die aantal afwykende of geinfekteerde plante in 100 plante na mekaar in 'n plantry te tel. Vir elke siekte of afwyking word 'n aparte telling gemaak. Die 100 plante word ewekansig op die eenheid gekies om 'n verteenwoordigende siektebepaling te kan maak.

Die waarnemings tydens die eerste en tweede landinspeksies kan dus bepaal of die aanplanting op 'n eenheid goedgekeur word om vir die volgende deel van sertifisering te kan kwalifiseer wat die monsternemingsaspek behels, waar gunstige toetsuitslae die opvolgende knolinspeksie tot gevolg het. Na afloop van die inspeksies word die waarnemings na die ASD-databasis gestuur waar enige afkeurings of afgraderings na die volgende aspek van sertifisering deurgetrek word. Dit verseker dat 'n eenheid wat tydens landinspeksie na 'n volgende generasie afgradeer is se moere in die regte generasie gesertifiseer word. 'n Eenheid is byvoorbeeld geregistreer as Generasie 2 aangeplant, die aanplanting moet dus voldoen aan alle vereistes vir Generasie 3 gesertifiseer. Tydens die landinspeksie word gevind dat die aanplanting 'n toleransie van Generasie 3 oorskry en die aanplanting word dan afgradeer na Generasie 4.

Die inspeksie van aartappellande is 'n ontsettende belangrike deel van die sertifiseringsproses en bied die sertifiseringsgesag die geleentheid om 'n geheelbeeld van die moeraanplanting te kry. Die verskillende stappe van sertifisering kan nie in isolasie gesien word nie.

Om meer te lees oor wat elke Skemavereiste behels ten opsigte van landinspeksies, besoek gerus die ASD-webblad by: www.potatocertification.co.za



